# ’n Katalogus van Henk Temmingh se orrelwerke

Willem Luitingh, Heinrich van der Mescht en Wim Viljoen, Universiteit van Pretoria


## Opsomming

Hendrik (“Henk”) Temmingh word vandag gereken as een van Suid-Afrika se mees toonaangewende orrelkomponiste. Hy het sy veelsydigheid bewys en veral gevestig geraak as ’n noemenswaardige figuur op die gebied van die improvisasiekuns en orrelmusiek. Min publikasies oor Henk Temmingh se orrelwerke het tot dusver verskyn, daarom blyk dit dat die eerste logiese stap om hierdie leemte te vul die opstel van ’n katalogus sal wees. Verskillende aanbiedinge ten opsigte van katalogus-opstelling word in die groot verskeidenheid beskikbare katalogusse bespeur. Daarom moes hierdie katalogusse, asook die verskillende data-versameltegnieke ondersoek word om te bepaal wat die wesenlike inhoud van so ’n nuut-saamgestelde musiekkatalogus behoort te wees. Met behulp van die chronologiese katalogus van Temmingh se orrelwerke kan ’n onmiddellike oorsig van sy bydrae as orrelkomponis nou verkry word. Hierbenewens sal die nuut-toegekende katalogusnommers ’n aanduiding gee van waar die betrokke orrelwerke chronologies by Temmingh se *oeuvre* inpas.

## Abstract

Hendrik (“Henk”) Temmingh can be regarded as one of South Africa’s leading organ composers. He showed versatility and established himself as a significant figure in the fields of improvisation and organ music. Few sources concerning Temmingh’s organ works are available. In order to fill this hiatus, the first logical step would be to compile a catalogue. Different styles and approaches concerning the compilation of catalogues can be observed in the wide variety of catalogues available. Therefore, these catalogues, as well as data compilation techniques had to be investigated in order to determine what essential information should be included in such a newly compiled catalogue. An immediate summary of Temmingh’s contribution as an organ composer can now be obtained with the help of the chronological catalogue of Temmingh’s organ works. Apart from this, newly allocated catalogue numbers will give an indication of where the works concerned chronologically fit into Temmingh’s *oeuvre*.


## 1 Inleiding

Die samestelling van ’n katalogus word deur menige beskou as bloot die versameling van inligting en die samevoeging daarvan in ’n lys. ’n Onlangse studie (Luitingh 2010) het duidelik aangetoon dat katalogus-opstelling meer as net ’n vinnige sameflansing van versamelde data is, maar dat dit ’n proses is wat deeglike navorsing en oorweging behels.

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendal 1991, 534) gee ’n goeie definisie van ’n katalogus:

> Geordende naamlys van versamelde voorwerpe. *Katalogos* = Grieks vir “opsomming”/“lys”. Verskillende tipes katalogi: 1. Alfabeties (volgens letters); 2. Sistematies (volgens afdelings); 3. Chronologies (volgens datums); en 4. Numeries (volgens nommers).

Die katalogus-opsteller moet dus eers die doel en beskikbare gegewens van die voorgenome katalogus beskou alvorens die aard van die katalogus bepaal kan word. ’n Volledige katalogus van die volle *oeuvre* van ’n komponis sou byvoorbeeld vra vir ’n sistematiese katalogus, terwyl ’n gedeelte van ’n komponis se werk, wat sonder opusnommers verskyn het, sal vra vir ’n chronologiese katalogus. Laasgenoemde is besonder bruikbaar, aangesien ’n belangstellende persoon onmiddelik ’n oorsig kan verkry van die datum of jaar wanneer ’n spesifieke werk gekomponeer is. Odendal noem egter nie die studieveld-spesifieke tematiese katalogiseringsmetode nie.

Enige wetenskap berus op die veronderstelling dat feite, verskynsels en wette verkry en bewys word deur waarneming, eksperimentering en logiese redenering. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat katalogus-opstelling, onder andere, ’n wesenlike rol speel in

die sistematiese rangskikking van feite waarop die musiekwetenskap bou.

Die doel van die artikel was om ’n katalogus van Henk Temmingh se orrelwerke saam te stel. Ten einde hierdie doelwit te bereik, moes ’n verskeidenheid katalogusse ondersoek word om vas te stel op watter wyses katalogusse saamgestel word. Hierdeur kan bepaal word hoe verskillende faktore en gegewens ’n spesifieke katalogiseringsmetode tot gevolg sal hê. Sodoende sou dit bydra om die beste moontlike metode vir die Temmingh-katalogus vas te stel. Dit is nie die doel van hierdie artikel om die hele Temmingh-*oeuvre* te bespreek nie. Daar word beplan om van tyd tot tyd die bestaande katalogus by te werk.

## 2 Data-versameltegnieke

Eerstens moet aandag gegee word aan alle moontlike geskrewe bronne wat inligting rakende die komponis verskaf. Tweedens is gesprekke met lewende komponiste van onskatbare waarde. Deur middel van intensiewe, ongestruktureerde onderhoude met die komponis kan biografiese en musiekwetenskaplike inligting eerstehands versamel word. Onderhoude kan ook help om enige verkeerde inligting in bestaande bronne reg te stel. Biografieë, briewe/korrespondensie en onderhoude wat gevoer is met komponiste wat reeds oorlede is, kan belangrike inligting bevat wat andersins nêrens opgeteken is nie. As die komponis voorheen blootgestel was aan radio- en televisie-opnames, kan dit by die plaaslike uitsaaikorporasie aangevra word.

Beide gepubliseerde en ongepubliseerde partiture moet geraadpleeg word. Partiture kan verkry word vanaf die komponis, musiekbiblioteke en kunstenaars wat voorheen die werke uitgevoer het. Suid-Afrika beskik oor ’n aantal universiteitsbiblioteke wat goed toegerus is met partiture en opnames. Enkele stadsbiblioteke, die South African Broadcasting Corporation (SABC) en die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO) is in die besit van uitgebreide bibliografieë oor en deur komponiste. Die meeste biblioteke is bevoeg om enige materiaal by korresponderende biblioteke in Suid-Afrika en in die buiteland aan te vra. Argiefwerk vorm ook deel van die navorsingsproses.

## 3 Die samestelling van katalogusse

Verskeie katalogusse behoort geraadpleeg en bestudeer te word wanneer ’n nuwe katalogus beplan word. So kan vasgestel word hoe en uit watter aspekte elkeen saamgestel is. Vir die doel van hierdie artikel is katalogusse uit die tweede helfte van die twintigste eeu en oor werke van wyduiteenlopende komponiste ondersoek, naamlik Bach (Schmieder, 1950; Boyd, 1999), Hubert du Plessis (Van der Mescht, 1992), Holst (Short, 1974), Reger (Stein, 1953), Rheinberger (Irmen, 1974), Sammartini (Jenkins en Churgin, 1976) en Tsjaikofski (Köchel, 1973). Daarby is ’n katalogus oor die F.Z. van der Merwe-versameling van Suid-Afrikaanse musiek van die Universiteit van Pretoria (Liebenberg en Olivier, 1994) nagegaan, asook die katalogusse van SAMRO in Johannesburg en Arnold se *Organ Literature: A Comprehensive Survey* (1995).

Verskillende aanbiedinge ten opsigte van katalogus-opstelling word in die verskeidenheid beskikbare katalogusse bespeur. Boyd (1999, 537–583), byvoorbeeld, verskaf in die eerste bylae van sy boek *Oxford Composer Companions: J.S. Bach* ’n volledige lys van Bach se werke. Hy verdeel die katalogus in kolomvorm in 13 verskillende kategorieë. Die orrelwerke-katagorie word herverdeel in twee subkatagorieë, naamlik nie-koraalgebaseerde (A) en koraalgebaseerde (B) orrelwerke. Die inligting word in sewe kolomme gerangskik:

- BWV-nommer
- Titel (en bynaam in sekere gevalle)
- Komposisiedatum
- Datum en plek van eerste publikasie
- BG-volume [*J.S. Bachs Werke: Gesamtausgabe der Bachgesellschaft (Leipzig, 1851–99)*]
- NBA-volume [*Johann Sebastian Bach: Neue Ausgabe sämtliche Werke (Leipzig und Kassel, 1954–)*]
- Plek waar die oorspronklike manuskrip (of ‘n outentieke kopie daarvan) bewaar word en die datum waarop dit bekom is.

Onder “twyfelagtige werke” word sekere orrelwerke vermeld met kommentaar in ’n aparte kolom, waarin die komponis aan wie die betrokke werk toegeskryf word, genoem word.

Arnold (1995) lewer ’n nuttige bydrae deur die beskikbaarstelling van ’n uitgebreide ensiklopedie-handboek, *Organ Literature: A Comprehensive Survey.* Hierdie publikasie het dit ten doel om inligting op ’n eenvoudige, dog in bruikbare vorm aan te bied. In volume 1 word die ontwikkeling van orrelmusiek deur die eeue volgens verskillende orrelskole en/of lande bespreek.

’n Biografiese katalogus van orrelkomponiste en hulle werke vorm die tweede volume. Die biografiese “sketse” – soos die outeur dit noem – verskaf inligting paragrafies aangaande die volgende gegewens van elke komponis:

- Geboorte- en sterfdatum
- Geboorte- en sterfplek
- Musiekopleiding ontvang
- Belangrike leermeesters en leerlinge
- Noemenswaardige posisies wat beklee is.

Komposisies (solo of in kombinasie met ander instrumente) word alfabeties in elke inskrywing geplaas. Indien ’n komposisie in ’n historiese versameling voorkom, word

bladsynommers in die betrokke bronne verskaf. Die komposisiedatum, uitgewer en katalogusnommer word gevolg deur die datum waarop kopiereg verleen is. Vanweë die uitgebreide lys afkortings en die uitlating van tematiese en bergingsdata, blyk dit dat Arnold (1995) se dokument meer kompak as die meeste ander katalogusse vertoon. Die inskrywing "Henk Temmingh", bevat ongelukkig slegs een werk en is dus onvolledig.

Bach het, soos die meeste van sy tydgenote, nie die noodsaaklikheid ingesien om opusnommers aan sy komposisies toe te ken nie. Opusnommers is veronderstel om komposisies chronologies te nommer en daarom moet die opusnommer elke werk identifiseer volgens die tydperk waartydens dit gekomponeer is. Dus bestaan die veronderstelling van hoe laer die opusnommer, hoe vroeër die komposisie.

Omdat baie komponiste nie opusnommers aan hulle komposisies toeken nie, kan die persoon wat die katalogus saamstel self die werke nommer, soos gesien kan word in die katalogus wat saam met die huidige artikel aangebied word – byvoorbeeld HTOW 15 (Henk Temmingh-orrelwerk 15). Die afkorting HTOW is gebruik, en nie TOW (Temmingh-orrelwerke) nie, omdat Henk Temmingh se vader, Roelof sr, en sy broer, ook Roelof, hulle eie orrelkomposisies gelewer het.

Eers in die 20ste eeu het Wolfgang Schmieder dit nodig geag om Bach se komposisies tematies te katalogiseer en om aan elke werk 'n unieke nommer toe te ken (Sadie 1988, 120). So ontstaan die nummering van die BWV (Bach-Werke-Verzeichnis). Boyd (1999, 537–83) het sy kategorieë van Bach se werke gebaseer op dié van Schmieder, met bykomende inligting. Sy katalogus word hoofsaaklik volgens die BWV-nommers gerangskik en nie chronologies volgens datum nie. Dit lyk asof Boyd regstellings en byvoegings gemaak het ten opsigte van die plasing van sekere werke in sekere kategorieë.

Aangesien baie komponiste nie opusnommers by hul komposisies byvoeg nie, moet 'n ander metodiek gevolg word om die komposisies ordelik te katalogiseer. Vanweë die feit dat sekere komponiste self datums by hul werke voeg om aan te dui wanneer die komposisie voltooi is, is dit uiteraard die logiese metode om die werke chronologies volgens voltooiingsdatum te rangskik. Boyd se katalogus is 'n voorbeeld van hoe 'n bestaande katalogus hersien kan word.

Boyd (1999, xxiii en 537) verskaf 'n verduideliking van afkortings wat die inligting meer kompak laat vertoon. Dit is vanselfsprekend noodsaaklik wanneer 'n groot hoeveelheid inligting bymekaar gevoeg moet word. Daarom word hierdie beginsel deur die byvoeging van 'n lys afkortings en akronieme ook in die Temmingh-katalogus toegepas. 'n Lys data soos die versamelings waarin die betrokke werke verskyn en waar die litografiese afdrukke verkry kan word, kan ook deel van die katalogus uitmaak.

'n Tematiese versameling van die gepubliseerde werke van Max Reger is in 1953 deur Fritz Stein opgestel. Hierdie dokument word in paragraaf-vorm aangebied. Die volgende data word verskaf:

- Oorspronklike uitgawes
- Heruitgawes
- Wanneer en waar die werke gekomponeer is
- Eerste uitvoering
- Tydsduur
- Literatuurverwysings
- Opmerkings verskaf deur die komponis
- Incipits van elke werk.

Die hoofdoel van Stein se dokument behels die aanbieding van aanvangstemas. Hierdie metodiek neem baie plek in beslag en mag moontlik probleme inhou, soos byvoorbeeld ten opsigte van publikasieregte. Weens die spasie wat deur die insluiting van incipits ingeneem word, is dit nie gerade geag om die beginmate van komposisies in die aangebode Temmingh-katalogus in te sluit nie. Dit sou die aanbieding tot 'n onwerkbare omvang uitgebrei het.

Irmen (1974) maak wel van hierdie metode gebruik in sy uitgebreide katalogus van die werke van Josef Rheinberger. Dit het in boekvorm (592 bladsye) verskyn en regverdig dus, weens die groter omvang, die insluiting van incipits. Irmen (1974, 9) het die voordeel gehad dat Rheinberger sy eie opuslys saamgestel het, asook 'n lys van sy werke sonder opusnommers (*Werke ohne Opus*: WoO).

Rheinberger se eggenote, Franziska, het 'n lys saamgestel van al Rheinberger se gepubliseerde werke, wat later deur Gottfried Schultz voortgesit is. Irmen kon die incipits uit hierdie lyste saamstel. Sy werklys bestaan nie uit kolomme nie, maar eerder uit "opstelle" oor elke werk. Hy sluit byvoorbeeld vir Rheinberger se op. 1 (*Vier Klavierstücke*) die volgende inligting in (Irmen 1974, 26):

- Die komposisiejaar of -datum
- Die naam van die persoon aan wie die werk opgedra is
- Die nommer van die manuskrip in die Beierse Staatsbiblioteek in München
- Eerste publikasie: Plek, jaar, uitgewer, uitgewersnommer
- Opmerkings (byvoorbeeld 'n verwysing na 'n ander werk)
- Verwysings na 'n bespreking van die werk in 'n spesifieke bron.

Daarby verskaf Irmen (1974, 27) op die volgende bladsy die eerste mate van die vier klavierstukke in Rheinberger se eie handskrif.

In die F.Z. van der Merwe-versameling van Suid-Afrikaanse musiek van die Universiteit van Pretoria, soos opgeteken tot 31 Augustus 1994 (Liebenberg & Olivier 1994, 142), word die volgende data verskaf:

- Naam van die komponis
- Geboorte- en sterfdatum
- Titel van die werk/versameling van werke
- In watter jaar die werk gepubliseer is
- Tipe bergingsmetode
- Nommer van die lêer.

Hierdie katalogus het dit ten doel om Suid-Afrikaanse komponiste, wie se musiek in die F.Z. van der Merwe-versameling beskikbaar is, alfabeties te lys. Min bykomende inligting word verskaf. 'n Goeie katalogus se oogmerk is om soveel data moontlik te voorsien.

SAMRO se argief verskaf goedgunstiglik hulle katalogusse aan voornemende katalogus-opstellers, en moedig dit selfs aan. Hiermee saam word 'n glossarium/woordelys uitgereik. SAMRO se dokumente het dit ten doel om soveel moontlik inligting per individuele inskrywing te lewer. Sinvolle data word op 'n kompakte wyse voorsien.

SAMRO stoor musiek in lêers volgens roepnommers ("Call No."). Subtitels en onderafdelings word met ST ("subtitle") en MT ("movement title"/"section title") aangedui. 'n Bruikbare metode om die outeur van die oorspronklike komposisie/materiaal, waarop die gelysde komposisie gebaseer is aan te dui, is die gebruik van die afkortings CA ("co-author"), BIB ("biblical") en LIT ("liturgical"). Die opsteller se eie instrumentasie-sleutellys word verskaf.

SAMRO lys slegs werke wat in hulle argief beskikbaar is, daarom word afdelings soos kopie-tipe/kwaliteit, verwittigingsdatum en "dele in lêer" ingesluit. Hierdie inligting word beskou as administratiewe gegewens en kan nie gebruik word in 'n katalogus wat vir algemene navorsing saamgestel word nie.

Sekere data-afdelings word in SAMRO se katalogus inkonsekwent uitgelaat, wat die lees hiervan bemoeilik. Die inskrywings is alfabeties volgens die titels van die werke gerangskik. Dit is dus moeilik vir die leser om 'n chronologiese verloop van die werke raak te sien. Die tydsduur van sekere werke word aangedui, asook die aantal bladsye waaruit elke komposisie bestaan.

In die tematiese katalogus van die werke van Sammartini, volg Jenkins en Churgin (1976) min of meer dieselfde formaat as Stein (1953) in sy katalogus van Max Reger se werke. Die werke van Sammartini is egter reeds voorheen gekatalogiseer. Dit blyk dat Sammartini se komposisies in talle onvolledige katalogusse opgeneem is. Verder kom dit aan die lig dat werke wat voorheen as outentieke Sammartini-werke beskou is, nou deur Jenkins en Churgin onder verdenking geplaas word. Hulle verskuif sulke werke na 'n bylae ("Appendix D"). As daar geen twyfel oor die oorsprong van 'n werk bestaan nie, is so 'n bylae nie nodig nie.

Jenkins en Churgin se inskrywings volg die volgende orde:

- Toonsoort
- Nommer
- Besetting
- Aanvangstemas
- Datums
- Ander katalogusverwysings
- Manuskripbronne
- Algemene opmerkings.

Michael Short maak 'n volledige studie van Gustav Holst se werke in sy boek *Gustav Holst (1874–1934) – A Centenary Documentation.* Hierin verskaf hy nie slegs 'n lys van die werke nie, maar ook 'n geklassifiseerde en 'n chronologiese lys van Holst se werke. Elke inskrywing het 'n M-nommer en word paragrafies van mekaar onderskei. Die titel word in hoofletters gedruk, waarna die subtitels ondermekaar numeries gelys word. Verskillende afdelings volg mekaar op. Indien die werk vokaal van aard is, word die digter/librettis genoem. Die instrumentasie word aangedui met afkortings. Die persoon/instansie aan wie die oorspronklike werk opgedra is, of deur wie die werk aangevra is, word telkens gedokumenteer. Die afdeling "Manuskrip" bevat inligting ten opsigte van die volgende:

- Die grootte van en aantal bladsye
- Waar die kopie verkrygbaar is
- Of dit in private besit is of nie.

In Short se katalogus word daar ook aangedui of die werke in die oorspronklike handskrif of deels in die oorspronklike handskrif beskikbaar is. Indien die musiek gepubliseer is, word die naam van die uitgewer met 'n datum aangedui. Sekere inskrywings bevat 'n afdeling waar volledige besonderhede van opnames van die betrokke werk verskaf word. Short se Holst-katalogus is egter nie volgens kategorieë gerangskik nie. Dit maak die soektog na sekere komposisies moeisaam. Die opusnommers word elders in die boek genoem en nie by die werke self nie.

Onder redaksie van Jürgen Köchel het die *Tschaikovsky-Studio Institut International* in 1973 'n bruikbare katalogus van Tsjaikofski se werke opgestel. Die dokument word in landskapformaat aangebied sodat meer data langs mekaar geplaas kan word. Die afdelings is sinvol gerangskik. Vergelyk Tabel 1:

**Tabel 1:** Data-opstelling in die Tsjaikofski-katalogus
*(Tschaikovsky-Studio Institut International)*

| Opus | Nommer | Titel | Datum van oorsprong | Toonsoort | In opdrag vir / opgedra aan | Eerste uitgawe en verskyning in die volledige weergawe | Plek van bewaring van die manuskrip |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

Vir Tsjaikofski se verwerkings van sy eie musiek word daar 'n ander formaat gebruik:

**Tabel 2:** Data-opstelling (komponis se verwerkings) in die Tsjaikofski-katalogus
(*Tschaikovsky-Studio Institut International*)

| Oorspronklike kopie | | Toonsoort | Verwerk vir | Datum van verwerking | Algemene opmerkings | Eerste uitgawe en verskyning in die volledige weergawe | Plek van bewaring van die manuskrip |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Titel | Besetting | | | | | | |

Die gebruik van kolomme help om alle komposisies eenvormig te rangskik, selfs indien sekere data onverkrygbaar of onbekend is.

Soortgelyke kolomme word ook deur Van der Mescht (1992, 100–105) in die artikel, 'n Volledige katalogus van die liedere van Hubert du Plessis, aangewend. Hierdie katalogus is vergelykbaar met die aangebode katalogus van Temmingh se orrelwerke, aangesien dit ook op een *genre* binne die *oeuvre* van 'n komponis fokus. Van der Mescht gebruik die volgende afdelings:

- Chronologiese nommer
- Titel
- Opusnommer
- Komposisiedatum
- Komposisieplek
- Hersieningsdatum
- Digter
- Taal
- Stemtipe
- Opgedra aan
- Tydsduur
- Uitgewer.

Dit is dus duidelik dat daar 'n baie groot verskeidenheid inligting in 'n katalogus ingesluit kan word.

## 4 Gevolgtrekkings oor die samestelling van 'n katalogus

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die volgende data deur die meeste musiekkatalogus-opstellers beskou word as die wesenlike inhoud waaruit 'n katalogus van 'n komponis se *oeuvre* (of 'n deel daarvan) behoort te bestaan:

- Titel van die werk
- Dele waaruit die werk bestaan (indien van toepassing)
- Bestaande literatuur/tema(s) waarop die werk gebaseer is (indien van toepassing)
- Plek en datum van voltooiing
- Deur wie dit gepubliseer, geset, gedruk of versprei is (indien van toepassing)
- Vir wie dit in opdrag gekomponeer is (indien van toepassing)
- Besetting/instrumentasie.

Dit is juis hierdie beskouing en ontleding van verskillende katalogusse wat die samestelling van die Temmingh-katalogus beïnvloed het. Die beskikbare inligting en die aard van die komponis se werk het die outeurs gelei met die insluiting van sekere katalogusafdelings.

Om 'n katalogus in sistematiese orde op te stel, moet die opsteller daarvan doelbewus volgens 'n stel reëls te werk gaan. Data moet dus duidelik genoem, benoem en noukeurig volgens sekere voorafbepaalde parameters gerangskik word. Die *Tschaikovsky-Studio Institut International* se aanbieding is byvoorbeeld sistematies en volgens kolomme gerangskik. Die konsekwente gebruik van parameters en die chronologiese opeenvolging van inskrywings maak dit geskik vir enigiemand om hierdie patroon te volg.

In Suid-Afrika word daar min moeite gedoen om plaaslike komponiste se werke te katalogiseer. Hierdie veld van navorsing lê bykans braak. Die katalogisering van komposisies word hoofsaaklik aan die komponis self oorgelaat. Sommige komponiste vind dit egter nie belangrik genoeg om 'n werkslys saam te stel nie.

Omdat Suid-Afrikaanse komponiste dikwels in die verlede hulle werk nie laat publiseer het nie, maak dit die samestelling van musiekkatalogusse 'n moeisame en dikwels uitdagende proses. Daar bestaan verskeie organisasies wat sowel gepubliseerde as ongepubliseerde musiekmanuskripte in Suid-Afrika bewaar. SAMRO, die SABC en die meeste Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke is enkele instansies wat prysenswaardige werk op hierdie gebied doen. Uit die aard van die saak is dit makliker om lewende komponiste se werk in die hande te kry.

## 5 Henk Temmingh se orrelwerke

Dit is duidelik uit die katalogus van Temmingh se orrelwerke (sien die bylae) dat die komponis se werk eerstens gekenmerk word deur sy voorliefde vir die modale Geneefse Psalms en ander melodieë uit die kerkmusiekliteratuur. Dit is veral sigbaar in sowel die (meestal kort) koraalverwerkings ("Gebrauchsmusik") as die meer uitgebreide werke vir konsertorrel.

Sedert Temmingh se studiejare in Suid-Afrika en Europa is sy komposisiestyl en musiektaal gaandeweg getransformeer. Die Nederlandse *avant-garde*-beweging van sy leermeesters, Kees van Baaren en Henk Badings, het hom nie lank gefassineer nie (1966–1973). Om 'n nuwe unieke styl te ontwikkel het hy eerstens op sy eie intrinsieke skeppingsdrang gereageer, en tweedens is hy deur die komponiste en komposisies, wat 'n groot indruk op hom gelaat het, geprikkel. J.S. Bach, die Nederlandse improvisators soos Cor Kee, die impressioniste, en veral Dmitri Sjostakowitsj se musiek is voorbeelde hiervan. Hy is ook vanselfsprekend grootliks deur die aanhoorders van sy musiek gelei.

So ontwikkel hy 'n styl waarin hy kan kommunikeer met 'n vaste, geskoolde fondament van ou vorme en tegnieke, vermeng met sy eie unieke toonspraak. Uit inligting ingewin tydens gestruktureerde onderhoude en die bestudering van die orrelwerke, kan Temmingh se orrelstyl ten beste beskryf word as 'n sintese van Franckiaanse chromatiek en 'n hoogs persoonlike – en somtyds selfs dramatiese – interpretasie van Barokvorme en kerkmodusse.

Deeglike skoling en ondervinding stel Temmingh in staat om sy idees in enige styl en vorm denkbaar uit te druk. Alhoewel die orrelmusiek hoofsaaklik homofonies gekonsipieer is, word daar dikwels van polifoniese tegnieke soos kanon en imitasie gebruik gemaak. Omdat die aanvraag na orrelmusiek in Suid-Afrika hoofsaaklik op funksionele liturgiese musiek gebaseer word, is Temmingh geneig om kerkliedere (veral Psalms) aan te wend as kernmotiewe vir sy komposisies. Tydens die samestelling van die katalogus het dit opgeval dat Temmingh Barok-variasie-tegnieke aanwend ten opsigte van die cantus firmus.

Dit is tog opmerklik dat Temmingh steeds die koraalmelodie in sy onveranderde oorspronklike vorm verkies en die komposisie rondom hierdie kern bou. Juis hierdie aspek veroorsaak 'n modaliteitsgevoel in sekere werke. Temmingh lewer ongeveer 55 cantus firmus-werke, drie vrye orrelwerke, nege orrelwerke in kombinasie met ander instrumente en 34 vokale werke met orrelbegeleiding. Naastenby 160 harmonisasies, intonasies en inleidings maak deel uit van sy *oeuvre*. Ten slotte kan genoem word dat Temmingh lief is om van 'n wye verskeidenheid tradisionele vormtipes gebruik te maak. Dit kom in die titels van sy orrelwerke na vore.

Musici staar hulle dikwels blind teen slegs die akademiese en formele bydrae wat komponiste nalaat. Hierdie "erfgoed", in die vorm van kunsmusiek en teksboeke, is nie altyd werklik vir die algemene publiek toeganklik nie. Temmingh het die teendeel bewys: Hy lewer nie slegs iets vir die musiekfynproewer nie, maar hy dien die breër publiek deur bruikbare orrelmusiek vir die kerk te komponeer. Die meeste van Temmingh se komposisies is opdragwerke of musiek gekomponeer om aan 'n sekere behoefte te voldoen. Hieruit is dit duidelik dat sy werk hoog geag word.

## 6 Finale woord

Katalogus-opstelling kan as een van die eerste stappe van navorsing oor 'n spesifieke komponis beskou word. 'n Katalogus het ten doel om die volledige *oeuvre* van 'n komponis, of 'n deel daarvan, vir akademiese doeleindes beskikbaar te stel.

Met die huidige navorsing het 'n volledige katalogus van Henk Temmingh se orrelwerke tot stand gekom. Hiermee word 'n deel van die kultuurerfenis in Suid-Afrika opgeteken en sodoende 'n bewustheid geskep vir die bewaring van ander werke. Die katalogus wat saam met hierdie artikel aangebied word, kan as voorbeeld vir voornemende katalogus-opstellers voorgehou word.

## Bronne


Arnold, CR. 1995. *Organ Literature: A Comprehensive Survey.* Vol. 1 & 2. Derde uitgawe. London: Scarecrow Press.

Boyd, M. (red.) 1999. *Oxford Composer Companions: J.S. Bach.* Oxford: Oxford University Press.

Irmen, HJ. 1974. *Thematisches Verzeichnis der musikalischen Werke Gabriel Josef Rheinbergers*. Regensburg: Gustav Bosse Verlag.

Jenkins, N. & Churgin, B. 1976. *Thematic catalogue of the works of Giovanni Battista Sammartini. Orchestral and Vocal Music.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Liebenberg, BG. & Olivier, GC. 1994. *Katalogus van die FZ van der Merwe-versameling van Suid-Afrikaanse Musiek soos opgeteken tot 31 Augustus 1994.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Luitingh, WS. 2010. *Die Suid-Afrikaanse komponis Hendrik ("Henk") Temmingh: 'n biografie en 'n katalogus van sy orrelwerke.* MMus-miniverhandeling. Universiteit van Pretoria.

Odendal, FF. (red.) 1991. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT).* Johannesburg: Perskor.

Sadie, S. (red.) 1988. *The Grove Concise Dictionary of Music*. London: Macmillan.

SABC (South African Broadcasting Corporation). 2009. SABC Klankargief. Johannesburg.

SAMRO (Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie). 1996. SAMRO Argief van Suid-Afrikaanse Musiek. Johannesburg.

Short, M. 1974. *Gustav Holst (1874–1934): A Centenary Documentation.* London: White Lion.

Stein, F. 1953. *Thematisches Verzeichnis der im Druck erschienenen Werke von Max Reger.* Leipzig: Breitkopf & Härtel.

Temmingh, H. Orrelkomposisielys: Vergelyk die bylae.

Temmingh, H. 2006. Onderhoude met Willem Luitingh, Johannesburg.

Tschaikovsky-Studio Institut International. 1973. *Systematisches Verzeichnis der Werke von Pjotr Iljitsch Tschaikovsky.* Hamburg: Hans Sikorski.

Van der Mescht, H. 1992. 'n Volledige katalogus van die liedere van Hubert du Plessis. South African Journal of Musicology 12: 99–105.

## BYLAE: Katalogus van Henk Temmingh se Orrelwerke

### Afkortings/Akronieme:

| | |
|---|---|
| CF | Cantus firmus |
| DALRO | Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-organisasie |
| Ges. | Gesang |
| GKSA | Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika |
| HTOW | Henk Temmingh-orrelwerke |
| N.G. Kerk | Nederduitsch Gereformeerde Kerk |
| No. | Nommer |
| OVS | Oranje-Vrystaat |
| Ps. | Psalm |
| SABC | South African Broadcasting Corporation |
| SAKOV | Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging |
| SAKV | Suid-Afrikaanse Koorvereniging |
| SAMRO | Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie |
| SAUK | Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie |
| Sb. | Skrifberyming |
| SOM | Sing onder mekaar-liedere |
| UNISA | Universiteit van Suid-Afrika |
| UOVS | Universiteit van die Oranje-Vrystaat |
| UP | Universiteit van Pretoria |
| VSA | Verenigde State van Amerika |

| TITEL | UNIEKE HTOW-NOM-MER | DELE | TEMAS | PLEK EN DATUM VAN VOL-TOOIING | GEPUBLI-SEER, GESET, GEDRUK OF VER-SPREI DEUR | IN OP-DRAG VIR/ OPGE-DRA AAN | BESETTING/ INSTRUMEN-TASIE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| *Vyf Be-devaart-sliedere* | | Ps. 123; 131; 134; 126; 121 | Onberymde Bybeltekste (1953-vertaling) van Ps. 123, 131, 134, 126 en 121 (nie op Geneefse melodieë gebaseer nie) | Port Eliza-beth 1969 | Manuskrip UP Musiek-biblioteek Pretoria | UP (ter gedeelte-like voltooi-ing van die graad DMus) | Lae stem en Orrel |
| *Seven Preludes on Gene-van Psalm Melodies* | 1 | Ps. 21; 21 (alio modo); 86; 86 (alio modo); 98; 105; 150 | Ps. 21 (Seigneur le Roy s'esjouira – Loys Bourgeois); Ps. 86 (Mon Dieu, preste-moy l'aureille – Guillaume Franc); Ps. 98 (Rendez à Dieu louange et gloire – Guillaume Franc); Ps. 105 (Sus, qu'un chacun de nous sans cesse – Maître Pierre Davantès); Ps. 150 (Or soit loué l'Eternel – Maître Pierre Davantès) | Port Eliza-beth 1972/73 | Concordia St. Louis, VSA 1974 | | Orrel |
| *Twee ver-werkings van Psalm 42* | 2 | a. C.F. in boonste stem; b. Trio met die C.F. in die pedaal-party | Ainsi que la biche rée – Loys Bourgeois | Port Eliza-beth 1974 | Studio Hol-land Parow 1974 | UOVS; Sinodale Erediens-kommis-sie, N.G. Kerk (OVS) | Orrel |
| *Vier Be-devaart-sliedere* | | Ps. 121; 122; 123; 124 | Tekste: Totius-berymings van Ps. 121, 122, 123 en 124 (nie op Geneefse melodieë gebaseer nie) | Port Eliza-beth 1976 | Manuskrip SABC Musiekbib-lioteek Johannes-burg | SAUK | Koor (SATB) en Orrel |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
